# Kleinmond Natuurbewaringsvereniging

## Notule van die Algemene Jaarvergadering

gehou op Woensdag 19 April 2023 om 18:30
in die Gereformeerde Kerk, hoek van 6de Straat en 13de Laan, Kleinmond

---

### 1. Verwelkoming

Die voorsitter, Carl Swart, heet die teenwoordiges welkom, veral die vele vrywilligers sonder wie die vereniging nie kan funksioneer nie.

### 2. Bekendstelling van die spreker

Vic Brink stel die spreker, Rupert Koopman, aan die woord. Rupert is ’n botanis wat spesialiseer in fynbos en tans vryskutkonsultant. Sy passie is die opskryf, gebruik en bewaring van ons land se unieke flora. Hy wil graag fynbosbewaring meer toeganklik vir mense maak.

### 3. Die gasspreker, Rupert Koopman

Rupert gee ’n interessante en insiggewende aanbieding oor ons plaaslike fynbos, verryk met foto’s en kaarte. Hy noem verskeie maniere waarop mense betrokke kan raak by die bewaring van fynbos, en wys hoe elke bydrae ’n daadwerklike verskil kan maak.

### 4. Bedanking van die spreker

Gerhard Booysen spreek dank en waardering namens die teenwoordiges uit en oorhandig ook ’n klein geskenk aan Rupert

### 5. Teenwoordigheid en verskonings

Die teenwoordigheidsregisters is ingevul en ’n kworum is teenwoordig. Die vergadering is behoorlik gekonstitueer.

Verskonings is ontvang van die volgende persone: Paul Coetzee, Rey Liebenberg, Jat du Toit, Retha Visser, Jan Momsen, Maryna Loubser, Peter Müller, Angie Cyster, Magdaleen Brits, Botha Maree.

### 6. Notule van die AJV van 2022

Die notule van die vorige vergadering het gesirkuleer en is steeds ter insae beskikbaar. Dit word as gelees beskou en aanvaar.

### 7. Voorsittersverslag

Die voorsittersverslag word gelewer deur middel van ’n interessante PowerPoint aanbieding. Die voorsitter behartig die inleiding en slot, en verskeie komiteelede doen verslag van al die werksaamhede van die vereniging in die 2022/2023 boekjaar. Die verslag word deur die vergadering goedgekeur. Dit sal aan alle gaste wat die register ingevul het, gestuur word. Die verslag word ook saam met die notule aan lede gestuur.

### 8. Finansiële verslag

Die tesourier, Leon Louw, bied die finansiële verslag aan en verduidelik waar die inkomstes van die vereniging vandaan kom en waarvoor dit gebruik is. Die verslag word hierby aangeheg.

Die vergadering aanvaar die verslag. Die vergadering besluit dat Pragma Konsult die ouditeure vir die volgende finansiële jaar sal wees.

## 9. Verkiesing van komitee

’n Komitee vir 2023/2024 word verkies. Al die huidige lede behalwe Winie le Roux (wat verhuis het) en Margie Samuels (wat vanweë haar werksure nie vergaderings kan bywoon nie) is genomineer om weer in die komitee te dien, en word onbestrede herkies.

Die komiteelede is Carl Swart, Botha Maree, Leon Louw, Carin Malan, Mariaan Guest, Thea Brink, Gerhard Booysen, Gerrit van den Dool en Vic Brink.

Drie persone word gekoöpteer om in die komitee te dien: Jan Momsen as verteenwoordiger van die Eko-bediening, Corlie Hugo as verteenwoordiger van die Kogelberg Biosfeer en Angie Cyster as verteenwoordiger van die Strandlopers.

## 10. Verkiesing van voorsitter en onder-voorsitter

Gerhard Booysen hanteer die verkiesing. Carl Swart word onbestrede as voorsitter herkies. Vic Brink word onbestrede as ondervoorsitter verkies.

## 11. Bekendstelling: Plankiespadfondsinsameling

Gerhard Booysen stel ’n fondsinsamelingsprojek vir die bou van ’n nuwe kuspaadjie tussen DF Malherbestraat en Palmietstrand bekend.

Daar is verskeie nadele verbonde aan die huidige plankepaadjie: die hout verweer vinnig in die seelug en word ook gereeld gevandaliseer of gesteel. Dit is nie ’n goedkoop tipe paadjie nie. Daar is dus na lang gesprekke en konsultasies besluit om die planke met doelgemaakte sementblokke te vervang. Hierdie blokke is meer bestand teen diefstal en vandalisme, hou baie lank en is ook ’n eko-vriendelike keuse aangesien die blokke in die winter die water wat in vleigebiede versamel, toelaat om vrylik na die see te beweeg.

Mense word gevra om een of meer sementblokke te borg. Hulle kan dan erkenning kry deur middel van ’n teëltjie wat tydens die maak van die blokke in die sement geplaas word.

## 12. Afsluiting

Die vergadering verdaag om 21:00, waarna verversings in die portaal geniet word. Rupert is ook teenwoordig en moet steeds vele vrae beantwoord.

| | |
|---|---|
| ................................................ | .......................................... |
| Carl Swart | Thea Brink |
| Voorsitter | Sekretaris |